

Nuusbrief 169

19 November 2010



Beste Lid,

SAWPA KALENDER

Ons 2011 Kalender is so pas klaar gedruk en lede behoort 'n eksemplaar teen die eerste week van Desember te ontvang. Die kalenders maak deel uit van ons jaarlikse promosie veldtog en word gesirkuleer argitek, munisipaliteite, grasdak kontrakteurs, bestek opnemers, landbou koöperasies, stadsbeplanners ensovoort. Die tema vir die 2011 kalender fokus op die gebruik van behandelde pale in strukture.

DEELTYDSE HOUTPRODUKKUNDE SERTIFIKAAT BY DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

Sedert 2011 bied die Departement van Bosbou en Houtwetenskap by die Universiteit van Stellenbosch 'n Houtprodukkunde Sertifikaat-kursus op 'n deeltydse basis aan. Die kursus bestaan uit 'n minimum van sewe (7) voorgraadse semester modules in Houtprodukkunde geselekteer uit 'n totaal van nege (9) modules. Elke module handel oor 'n spesifieke vakgebied – dieselfde as die modules wat aan die graad program se voorgraadse studente aangebied word. Modules strek van die basiese houtkunde dissiplines soos hout-anatomie, fisika en chemie tot toegepaste dissiplines soos houtproduk-ontwerp, vervaardiging en-afwerkings. 'n Gekombineerde aanbiedings benadering word gebruik vir die modules naamlik dat beide internet gebaseerde onderrig sowel as aangesig tot aangesig onderrig gebruik word. Die teoretiese deel van die sertifikaat kan by die huis of werkplek afgehandel word, wat dan gevolg sal word deur 'n praktiese sessie in Stellenbosch aan die einde van elke semester. Die sertifikaat is gemik op professionele mense werksaam in die houtprodukssektor, wat 'n geskikte wetenskaplike en tegniese agtergrond opleiding en /of geskikte werkondervinding het, maar nie 'n formele tersiêre opleiding in houtprodukkunde nie. Tipiese voorbeelde sluit in ingenieurs, produksie, boekhou, tegniese en verkooppersoneel by hout vervaardigings maatskappye. Sluitingsdatums vir 2011 aansoeke is as volg:

1ste Semester 2011 – 30 November 2010

2de Semester 2011 – 30 Junie 2011

Vir meer inligting kan u vir SAWPA kontak waarop ons graag die volledige brosjure aan u sal stuur. Alternatiewelik kan u vir

Brand Wessels by Tel: 021 808 3319, Faks: 021 808 3603, e-pos cbw@sun.ac.za of

Tim Rypsta by Tel: 021 808 3317, Faks: 021 808 3603, e-pos tr.@sun.ac.za kontak.

STATISTIEKE 2009

Die 2009 statistieke is uiteindelik voltooi (sien aanhangsel). Die statistieke sluit weereens syfers rakende die bosbou en saagmeul bedryf in. Die behandelde hout volumes is gebaseer op werklike produksie volumes soos by die aanlegte aangeteken. As gevolg van 'n misverstand is daar ongelukkig nie onderskeid getref tussen spesie en eind gebruik van pale soos in die verlede nie. Ons hoop egter om dit vir die 2010 opname so deur te gee en on vertrou dat die 2010 syfers teen die einde van die eerste kwartaal 2011 gereed sal wees.

“THE CONSUMER PROTECTION ACT MADE EASY”

Na afloop van die sukses van die spreker by ons AJV mag dit dalk tot u voordeel wees om die volgende webtuiste te besoek.

[HTTP://www.madeeasy.co.za/newsletters/newsletter 2/ newsletter 2.htm](http://www.madeeasy.co.za/newsletters/newsletter%202/newsletter%202.htm)

Die nuusbrieff bespreek onder andere Seksie 113 van die Wet, waarvolgens die werkgewer verantwoordelik gehou kan word indien 'n werknemer “die bal laat val”. Met ander woorde, die potensiale skade wat aangerig kan word deur 'n werknemer is groot en dit is belangrik dat elke lid van u personeel bewus gemaak sal word oor die belangrikheid van die Wet en hoe sy of haar optrede aangepas moet word om te verseker dat die maatskappy as 'n geheel nie in die moeilikheid beland nie.

NUUSBROKKIE

Die SAWPA webtuiste is onlangs opgedateer. U word genooi om die webtuiste te besoek by www.sawpa.org.za en ons te laat weet indien u enige kommentaar of voorstelle het. SAWPA het gedurende September en Oktober 2010 onderskeidelik 11370 en 9746 besoeke aan ons webtuiste gehad.

DESEMBER SLUITING EN SEËNWENSE

Neem asseblief kennis dat SAWPA se kantore op die 15de Desember sluit vir die Desember Vakansie en dat ons weer oop sal wees op die 3de Januarie 2011. Bruce en Sue wil graag al ons lede 'n wonderlike feestyd toewens asook 'n voorspoedige 2011.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige aannames wat in die nuusbrieff gemaak word nie